# Tafnuus: Februarie 2026


**Beste Tafelberg-Fotografieklub**

Baie welkom aan ons nuwe ou lede en nuwe lede en skoliere, Mark de Villiers, Dorian Newby, Brian Holford, Louis Conradie, Elmarie Smedema, Raidon Myburg en Amy-Lee Clayton. Hoop Taffies is vir julle 'n tuiste waar jul as fotograwe kan groei en fotografie vriendskappe kan bou met baie mooi onthou herinneringe.

Dankie aan Fransonette vir haar insette en positiewe opbouende kommentaar.

1. **WEN-FOTO'S van Februarie 2026. KATEGORIE – Weerkaatsings, beoordelaar Fransoinette Swart:**

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Pelicans four together : Neels Beyers**<br>**Wenner: vaste kategorie, weerkaatsings** | **Impalas drinking: Johan Beyers**<br>**2de vaste kategorie, weerkaatsings** |
|  |  |
| **Hint of a smile: Juliane van Dyk**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Namibrand 2: Theo Potgieter**<br>**2de ope kategorie** |

| | |
|---|---|
|  | |
| **Echo on the water : Amanda du Toit**<br>**Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan die Maand kompetisie wenners!!!!**

## 2. Maart 2026: BYEENKOMSTE

- Die maand se klubkompetisie is die **17de Maart** en die sluitingsdatum vir inskrywings is die **11de Maart.** Die byeenkoms is by Logos en sal ook geZoom word.
  **Tema: Makro. Mono of kleur. Manipulasie word toegelaat.**

- **Vaardigheid. 3de Maart : Multiple exposure.** By die geleentheid gaan Andre de Koker, een van ons lede van Napier, met die klub gesels. Dankie Andre! Meervoudige blootstelling is April maand se kompetisie tema.

Meervoudige blootstelling (Multiple Exposure) in fotografie is 'n tegniek waar twee of meer beelde oor mekaar op dieselfde raam vasgelê word, sodat dit saam een enkele, gekombineerde foto vorm.

Dit kan:

- Direk in die kamera gedoen word (deur die multiple exposure-funksie te gebruik), of
- Later digitaal saamgevoeg word in redigeringsagteware.

Die doel is gewoonlik om

- 'n Kreatiewe of dromerige effek te skep
- Beweging of verloop van tyd te wys
- 'n Dubbele betekenis of storie in een beeld te vertel
- Silhoeëtte met teksture of landskappe te kombineer

- **Honde Uitstappie: 7de Maart 10h00 Saterdag oggend in Table view. Kontak asb. Vir Theo Potgieter indien jy nog wil saamkom sodat jou naam op whatsapp groep geplaas kan word.**

## 3. KLUB PRESTASIES:

<u>**Uitslae van PSSA Salonne:**</u>

- **Dankie aan elkeen wie ingeskryf het by salonne die afgelope Impale jaar. Geluk aan onderstaande lede met hul prestasies. Ons is tans 5de op klub vlak in die land, en tweede in die Wes Kaap. Wel gedaan Taffies!** Onthou asb die volgende komende salonne: AFO salon sluit die 7 de Maart en PSSA Up and Coming salon vir junior fotograwe sluit die 14de Maart 2026. SAVAS AV salon, 21ste Maart en PSSA salon die 28ste Maart.

| **Naam** | ***Brandpunt Fotoklub salon*** | ***Bethal digitale salon*** |
|---|---|---|
| Neels Beyers | 2 | 2 |
| Hendi Barnard | 1 | |
| Amanda du Toit | 4 1 Meriete | 2 |
| Christo Giliomee | 4 | |
| Niel Goslett | | 4 1 Meriete |
| Quintus Heine | 1 1 Meriete | 2 |
| Theo Potgieter | | |
| Juliane van Dyk | 2 1 Meriete | 5 |
| Adriaan van Zyl | 5 | 5 1 Meriete |
| Karen van Zyl | 3 | 2 |
| Mariana Visser | 1 | |
| Arnold van Dyk | 5<br>1 medalje kategoriewenner | 8 1 Medalje 3 Meriete |
| Sonja Myburgh | 8 | 6 1 Medalje |
| Andre de Koker | 3 1 Meriete | 7 1 Meriete |
| Phillip de Lange | | 8 1 Meriete |

## 4. LAASTENS

**Adriaan en Karen van Zyl het onlangs 'n studio by hul woning opgerig**. Klublede is welkom om van die fasiliteit gebruik te maak om portret foto's te neem.

**Wes Kaap fotografie forum: Onthou om die naweek van 4de tot 6de September oop te hou - ons gaan in Tulbagh saam met Kyle Goetch as hoofspreker, werkswinkels en praktiese sessies bywoon. Quintus Heine is aan die stuur saam met Witzenberg, Swartland, Worcester en Tafelberg fotografie klubs.**

Beplan fotografie uitstappies en tye om foto's te neem in jou dagboek, geniet nuwe uitdagings en leer by ander fotograwe.

Vriendelike Groete

Juliane van Dyk

**Tafelberg Fotografieklub - "Die lekkerste fotografieklub in die Wes-Kaap"**
e-mail : tafklub@gmail.com website : www.tafklub.co.za